



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2**

**2023**

**NASIENRIGLYNE**

**GAUTENG**

**PUNTE: 40**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 9 bladsye.**

## NASIEN VAN DIE LETTERKUNDE

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie geenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel geenaliseer.
2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie geenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.
5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

**AFDELING A: KORTVERHALE****VRAAG 1: KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer****VERHAAL A: "ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK" – Abraham H. de Vries**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1	(In sy dorp se) hotel/die hotel op sy dorp	1
1.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy het te veel gedrink.</li> <li>• Drank/alkohol</li> <li>• Dronkenskap</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.3	rugby(wedstryd)	1
1.4	'n vergelyking	1
1.5	D/mense het bang geword as hulle hom sien.	1
1.6.1	swakker	1
1.6.2	dankbaar teenoor	1
1.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Barrydale se span het baie foute gemaak.</li> <li>• Barrydale het 'n strafskop voor die pale gekry.</li> <li>• Rooikoos het op die loskakel geskree.</li> <li>• Barrydale se loskakel het misgeskop.</li> </ul> <i>(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurde wat op die korrekte plek is.)</i>	1 1 1 1
1.8.1	B/.... het alles van almal se sake geweet.	1
1.8.2	D/... het gekeer dat die Barrydalers en Rooikoos voor die wedstryd baklei.	1
1.8.3	E/... het die telefoon mooi beantwoord.	1
1.8.4	A/... het Rooikoos laat beseft dat hy op 'n vreemde plek was.	1
1.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• rooi hare</li> <li>• 'n rooi baard</li> <li>• 'n vinnige humeur</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.10.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy het geweet iets was fout/verkeerd.</li> <li>• Hy was bang vir wat hy gaan sien.</li> <li>• Hy het nie geweet wat aangaan nie.</li> <li>• Hy het beseft hy het nie baard nie, want hy het gewoonlik sy gesig in die môre gevryf.</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

1.10.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Rooikoos het 'n les geleer/geleer dat 'n mens se optrede gevolge het.</li> <li>Rooikoos het nie geweet wie hy was nie.</li> <li>Rooikoos het baie groot geskrik. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.11	<p>Die skrywer wil beklemtoon dat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Rooikoos baie hard gepraat het/'n baie harde stem gehad het.</li> <li>almal Rooikoos kon hoor (wanneer hy gepraat het).</li> <li>Rooikoos so hard kon skree dat die losskakel hom gehoor het.</li> <li>dit Rooikoos se harde geskree was wat die losskakel so ontsenu het (dat hy misgeskop het). (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.12	<p>Ek sou ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>later mooi met hom gepraat het.</li> <li>die dominee gevra het om met hom te praat.</li> <li>hom probeer help het om van sy drankprobleem ontslae te raak/ hom oortuig het om vir rehabilitasie te gaan.</li> <li>hom net uitgelos het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde waar die optrede <b>anders</b> is. Aanvaar nie bloot net "Ek sou dit nie gedoen het nie.")</li> </ul>	1

### VERHAAL B: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.13	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hulle was oud/ouer as sewentig.</li> <li>Hulle was in die laaste skof van hulle lewe. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.14	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hulle kamer was groot/ruim.</li> <li>Hulle kamer was aan die sonsy van die gebou.</li> <li>Hulle het hulle eie goed/meubels in hulle kamer gehad.</li> <li>Hulle het beurte gemaak om whisky te koop.</li> <li>Hulle het vingerbord gespeel.</li> <li>Hulle het hulle radio's gedeel. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	2
1.15	(Om) halveses/17:30/dertig minute oor 5/dertig minute voor 6	1
1.16.1	E/Hulle het baie dinge gehad om vir mekaar te vertel.	1
1.16.2	D/Hulle het nie ander goeie vriende nodig gehad nie.	1
1.16.3	A/Hulle het skelm whisky gedrink.	1
1.16.4	C/Hulle het 'n ooreenkoms aangegaan.	1
1.17.1	hospitaal	1
1.17.2	matrone	1

1.17.3	losies/huur/geld/losiesgeld	1
1.17.4	Onse Vader	1
1.18.1	Jakob getwyfel of	1
1.18.2	altyd gedoen wat hy gesê het	1
1.19	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die bottel het eers om halfses oopgegaan.</li> <li>Vyfuur het Jakob baie dinge probeer/sy kaalhand gebruik/die handdoek se punt gebruik/die deken se punt gebruik/sy knipmes gebruik/die bottel onder die warm kraan gehou, maar niks het gehelp nie/die bottel wou nie oop nie.</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.20	B/nog altyd skrikkerig was vir spoke.	1
1.21	<p>Jakob ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>was twee keer getroud.</li> <li>het ervaring van vrouens gehad.</li> <li>het raakgesien hoe die ou vrouens aandag probeer trek/verby hulle kamer geloop het/eetgoed aangedra het.</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.22	<ul style="list-style-type: none"> <li>Na Willem se dood was Jakob baie alleen/eensaam.</li> <li>Jakob se hartseer oor Willem was so erg dat niemand anders hom kon troos nie.</li> <li>Jakob het niemand gehad met wie hy oor sy vrees kon praat/wat hy kon vertrou nie.</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.23	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die skrywer vertel van baie dinge wat Jakob gedoen het om sy vrees te oorkom, bv.: <ul style="list-style-type: none"> <li>Hy het die lig heelnag laat brand.</li> <li>Hy het gebid/die Onse Vader opgesê.</li> <li>Hy het seker gemaak hy was saam met ander mense.</li> <li>Hy het tot so laat as moontlik televisie gekyk.</li> <li>Hy het nie in die middag gaan slaap nie.</li> <li>Hy het nie in die nag geslaap nie.</li> </ul> </li> <li>Jakob het reguit vir Willem gesê dat hy bang was vir spoke.</li> <li>Jakob het vir Willem gevra om maar liever die ooreenkoms te los.</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.24	<p>Ek het geleer dat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>jy 'n man van jou woord moet wees.</li> <li>jy moet doen wat jy sê jy gaan doen.</li> <li>jy mooi moet dink voordat jy 'n ooreenkoms aangaan/oor die gevolge van 'n ooreenkoms moet nadink.</li> <li>goeie vriende jou lewe beter kan maak.</li> <li>mense ander nodig het om jou in tye van nood te help.</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
<b>TOTAAL:</b>		<b>40</b>

**AFDELING B: DRAMA****VRAAG 2: PERDEKRAG – Cecilia du Toit**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lucky se prokureur het hom by Wilma afgelaai.</li> <li>• Lucky wou nie sy sak in die stoorkamer gaan hang nie.</li> <li>• Wilma het Lucky gedreig om hom weg te stuur.</li> <li>• Lucky het Binki oor haar naam gespot. <i>(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurde wat op die korrekte plek is.)</i> <i>(Indien die kandidaat 'n gedeelte van 'n gebeurlikheid uitlaat, sien ons dit as 'n oorskryffout, solank die gebeurde op die regte plek is)</i></li> </ul>	1 1 1 1
2.2.1	<p>Lucky het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• na Binki se kontakte ('contacts') gekyk.</li> <li>• Sabrina se naam (op Binki se foon) na "Ma" toe verander.</li> <li>• sy eie naam en nommer op Binki se foon ingetik. <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	2
2.2.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lucky se ma het hom geleer dat dit verkeerd is om volwassenes/ouers op hulle name te noem.</li> <li>• Lucky se ma het hom anders geleer. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	1
2.3	<p>Sy het gesê ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• "Ma" laat haar oud voel.</li> <li>• haar vriende het vir haar gelag.</li> <li>• haar werknemers moet haar respekteer. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></li> </ul>	1
2.4.1	huise	1
2.4.2	sakevrou	1
2.5	Saterdag	1
2.6	D/dit wat hy verkeerd gedoen het, nie so erg was nie.	1
2.7.1	B/... het Lucky laat beseft dat hy verkeerd optree.	1
2.7.2	A/... was klein en baie spelerig.	1
2.7.3	E/... was kalm en mooi met kinders.	1
2.7.4	C/... se dood het Wilma laat besluit om mense te help.	1

2.8.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy het brandwonde opgedoen/seergekry.</li> <li>• Haar ma het vir haar letsels gegril/wou nie saam met haar bly nie.</li> <li>• Haar hondjie is dood.</li> <li>• Sy het skool verlaat.</li> <li>• Sy het skuldig gevoel dat sy nie Dukie se lewe gered het nie.</li> <li>• Sy het gevoel/ervaar wat dit is om iets te verloor (verlies ervaar).</li> <li>• Sy het haar huis verloor.</li> <li>• Binki was so getraumatiseer dat sy glad nie selfvertroue gehad het nie.</li> <li>• Sy was skaam/sku vir mense en bang vir diere. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
2.8.2	<p>Lucky het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• goeie lesse geleer/geleer dat hy verkeerd opgetree het.</li> <li>• geleer om diere/ander mense te respekteer.</li> <li>• geleer dat hy nie kon doen en sê wat hy wou nie.</li> <li>• nuwe vriende gemaak.</li> <li>• geleer dat hy nie die enigste een is wat swaarkry nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat kan net algemeen noem dat hy goeie lesse geleer het of spesifieke lesse noem.)</li> </ul>	1
2.9	<p>Die lelike woorde ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• sê vir die leser hoe Lucky voel.</li> <li>• pas by/versterk/bevestig Lucky se gevoelens.</li> <li>• maak Lucky se karakter geloofwaardig.</li> <li>• pas by Lucky se karakter. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
2.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lucky en sy ma was arm en kon nie troeteldiere aanhou nie.</li> <li>• Lucky het nie saam met diere grootgeword nie.</li> <li>• Lucky het nie as kind die kans gehad om na troeteldiere om te sien/troeteldiere te versorg nie.</li> <li>• In Lucky-hulle se huis was daar net geld vir die nodigste goed en hy kon nie verstaan dat mense soveel geld aan troeteldiere bestee nie.</li> <li>• "Ons het nie geld vir 'n pop wat net vreet en piepie nie"</li> <li>• Hy kon met niemand (daaroor) praat nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
2.11.1	boontjies	1
2.11.2	vriende/maats	1
2.11.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• ryk varke</li> <li>• ryk rotte</li> <li>• ryk boude</li> <li>• ryk/spoilt brats (soos in die drama)</li> <li>• stinkrykes</li> <li>• bedorwe bôggers (Enige EEN)</li> </ul>	1

2.11.4	olie/leerolie	1
2.12.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• (Op Wilma se) perdeplaas/perdryskool</li> <li>• Silwerkloof (Stalle) (<i>aanvaar indien kandidaat Silwerkloof skryf</i>) (<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</li> </ul>	1
2.12.2	Die magistraat/landdros/hof/prokureur ( <i>Of soortgelyk aan bogenoemde</i> )	1
2.13	Lucky/Hy moes ... <ul style="list-style-type: none"> <li>• die stalle uithark/skoonmaak/vuil strooi uitvee.</li> <li>• vars strooi/nuwe gras/skoon strooi insit. (<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</li> </ul>	1
2.14	sarkasties	1
2.15	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lucky se ma moes soggens vyfuur/vroeg al opstaan om die bus werk toe te haal.</li> <li>• Sy ma moes 7 blokke stap om by die bus(halte) te kom.</li> <li>• Sy moes baie ver met die bus ry om by die werk te kom. (<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</li> </ul>	1
2.16.1	min	1
2.16.2	het nie omgee wat hy sê nie	1
2.17	B/daar elke dag probleme in sy lewe was.	1
2.18.1	C/Wilma het gesukkel om Lucky se negatiewe houding te verander.	1
2.18.2	E/Binki het sekere werkies gekry om te doen.	1
2.18.3	A/Gestremdes kon die ervaring van perdry ervaar.	1
2.18.4	D/Binki het nie na 'n skool toe gegaan nie.	1
2.19	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Binki was haar verantwoordelikheid.</li> <li>• Sy kan nie haar verantwoordelikheid op iemand anders afskuif nie.</li> <li>• Sy het Binki hartseer gemaak.</li> <li>• Na die tragiese voorval moes Binki se ma haar dogter versorg het/'n huis voorsien het. (<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</li> </ul>	1
2.20	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Binki kon alleen wees.</li> <li>• Binki het daarvan gehou om alleen te wees.</li> <li>• Wilma het vir haar omgee.</li> <li>• By Wilma het sy vriende gemaak met Lucky en die perde.</li> <li>• Sy het geleer om haar man te staan teen haar ma.</li> <li>• Sy het vrede gemaak met die probleme in haar lewe.</li> <li>• Wilma het vir Binki dinge/werkies gegee om te doen. (<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</li> </ul>	1



2.21	<p>Ek het geleer dat 'n mens ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• nie dinge moet aanneem/aanvaar/sê as jy nie seker is van die feite nie/nie moet oordeel nie.</li> <li>• moet dink voor jy praat.</li> <li>• moet seker maak van jou feite.</li> <li>• nie seerkry/woede/pyn as verskoning vir aggressiewe gedrag/lelike optrede kan gebruik nie.</li> </ul> <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	1
2.22	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die drama eindig positief/op 'n ligte noot.</li> <li>• Daar was harmonie tussen al die karakters.</li> <li>• Almal is gelukkig.</li> <li>• Lucky en Binki het vriende geword.</li> <li>• Lucky en Binki het geleer om hulle omstandighede te aanvaar.</li> <li>• Binki was nie meer so teruggetrokke/skaam/bang vir alles nie.</li> <li>• Lucky was nie meer so kwaad nie.</li> <li>• Lucky het verskillende lewenslesse geleer.</li> <li>• Lucky was nie meer wreed teenoor die diere nie./Lucky het liefde vir die diere ontwikkel.</li> <li>• Lucky het geleer om vergifnis te vra.</li> <li>• Lucky doen sy werk.</li> </ul> <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	1

<b>TOTAAL: 40</b>
-------------------

<b>GROOTTOTAAL: 40</b>
------------------------